

**18 Julie**

**Lukas 10:25-37, (Teks: 10:29)**

***Wie is my naaste?***

Dit is wanneer mense 'n gewetensvraag wil ontduik dat hulle 'n teenvraag vra waarop hulle nie 'n antwoord verwag nie. Die wetgeleerde het geweet wat die antwoord op sy vraag was. Sy probleem het daarom elders gelê. Dit was die eeu-oue probleem om verantwoordelikheid teenoor 'n medemens te ontduik. As kenner van die wet het hy geweet dat die wet naasteliefde eis. Die vraag was egter hoe ver hierdie eis strek. Is daar soms omstandighede wat 'n mens vrystel van naastediens?

Jesus vertel die gelykenis. Hy sê niks van die korrupte godsdienste van daardie tyd nie. Die priester of Leviet wou hulleself nie verontreinig deur die halfdooie man aan te raak nie. Hy kon maar eerder sterwe. Dit was hulle wet. Die Samaritaan se gesindheid was anders. Solank hy net kon help. Dit was sy wet.

Die toepassing is ook verrassend. Christus vra nie: Wie se naaste is hy wat halfdood langs die pad gelê het nie? Dan sou daar van ontvangsprake wees. Hy vra: Wie van hierdie drie is die naaste van hom wat halfdood daar gelê het? Hier is van geen sprake. Die wetgewer kon Jesus maar net een antwoord gee: Die Samaritaan. Die man wat aan hom medelye bewys het is die naaste van die ongelukkige man. Dan antwoord Jesus: "Gaan maak jy ook so".

Ons moenie vra: Wie is my naaste? nie. Dit is om te ontvang. Ons moet vra: Wie se naaste is ek? Dit is om te gee.

Wie is hulle vir wie ek moet gee? Hulle wat ek teëkom en kan help. Hulle wat God op my weg plaas.

Sing: Psalm 119:2

Ds. L. vd. M. Vogel (Nylstroom)